

Sondag 3 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:10-23

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:23

Laat jouself versigtig en met kosbare artikels opbou

Elke dag is die kerk besig om gebou te word. Ons moet versigtig wees dat ons nie skeef en krom bou of met nuttelose artikels nie.

Die tweestryd in Korinte het oor die bouers gegaan, die mense wat die Woord verkondig het. Paulus verduidelik aan die gemeente die mense wat die Woord verkondig, is net medewerkers in die koninkryk van God. Die taak van die bouer is om konstant toesig hou dat daar gebou word op die fondament. Elkeen van ons word opgebou deur preke, gesprekke met ouderlinge en diakens. Ook in gesprekke met mekaar. Aanhoudend moet ons op die uitkyk wees of daar reg gebou word. Daar mag op niks anders as die fondament, Christus, gebou word nie. Alles in my en jou lewe moet op Hom gebou wees.

Is jou lewe op dié fondament gebou? Christus kan nie net hier en daar by ons lewe ingetrek word nie. Hy moet ons fondasie wees. Alles wat ek en jy doen, moet in Hom gegrond wees. Wanneer jy in die oggend opstaan, wil jy dit doen vir die Here. Of as jy gaan werk, wil jy dit doen tot sy eer. Die fondasie, Christus, bepaal jou hele lewe. Dit is waarom dit so belangrik is dat daar reg gebou moet word op hierdie fondasie.

Alles waarin ons glo, ons belydenis, moet gebou wees op die fondament. Ons mag nie daarvan afbeweeg nie. Wanneer dit nie reg gebou is nie, sal dit 'n negatiewe invloed op my en jou lewe hê.

Ons moet versigtig wees, want daar kan met goedkoop artikels gebou word. Elke bouer se werk gaan getoets word deur vuur by die wederkoms. Hierdie vuur is om dit wat nie ewigheidswaarde het nie, te verbrand. Al wat ewigheidswaarde het, is om vir die Here te leef. Dit is wat sal bly staan.

Sing Psalm 90-1:1-3

Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)